

Dinsdag 26 Julie

Skrifgedeelte: Daniël 6:17-29

Fokusgedeelte: Daniël 6:28 (AFR20)

Die Here doen wonders, ook deur diere!

Alle diere behoort aan God Almagtig en Hy stel sy almag deur hulle ten toon. Die sterkste en hongerste leeu kan nie sy bek oopmaak as God dit nie wil nie. In Daniël se geval het God deur die werk van 'n engel die aggressiewe en instinktiewe gedrag van wilde en honger leeus gestuit, sodat hulle nie onmiddellik vir Daniël verskeur nie. God betoon sy *almag* in die verhinderende van 'n dier se natuurlike gedrag. Die Here tree hier soos 'n herder op om Daniël teen die wilde leeus te beskerm.

Ons Herder pas sy skape op. Hy stuur ook sy engele om my en jou op te pas, veral omdat Satan soos 'n brullende leeu rondloop en soek om ons te verslind.

Die tweede wonder hier in Daniël 6 is die almagtige wonderwerk van God se *vergelding* wat Hy op 'n besondere en ironiese manier hier voltrek. Wanneer die Here vergeld, dan laat Hy die boosheid en die kwaad op die bose persoon se eie kop terugkom! Kyk maar Psalm 7:16: "Wie 'n put grawe en dit uithol, val in die vangkuil wat hy gemaak het. Sy gemeenheid kom op sy eie kop neer, op sy skedel kom sy geweld neer." (Ons vind 'n aantal voorbeelde in die Skrif waar God mense se dade vergeld deur wilde diere wat hulle verskeur.) Die mense wat Daniël met gemene en slinkse planne in die vangkuil laat gooi, beland toe self daarin en hulle word totaal verslind deur die leeus! So almagtig is God dat Hy die bose se kwaad teen hulle laat inwerk, en Hy gebruik dan ook sy wilde diere daarvoor.

Ons kan verwag dat God ook sal vergeld en Satan en sy duiwels in die vangkuil sal gooi wat hy so graag vir ons grawe! (Ons sal hieroor ook meer te wete kom in die dagstukkies vir 28 Julie.)

Sing: Psalm 101-1:1-6

Ds. GM Boersema (Marnix) (Graaff-Reinet)